higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSNAVORSING N6

(4030086)

2 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

178Q1J2102

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BEMARKINGSNAVORSING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek 'n streep na elke vraag.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Bedoel om respondente te motiveer om antwoorde te verklaar, te verduidelik en daarop uit te brei	A	vertrouensinterval
1.1.2	Kan as twee-trap beperkte beoordelingssteekproefneming beskou word	B	navorsingsontwerp
1.1.3	Behels 'n volledige ontleding van die elemente van 'n populasie	C	inkomste-elastisiteitskoëffisiënt
1.1.4	Die omvang waarin 'n ware populasieparameter sal val indien 'n bepaalde vlak van vertroue aanvaar word	D	metrieke data
1.1.5	Die middelpunt tussen twee waardes	E	kwotasteekproefneming
1.1.6	Kwantitatiewe data, wat in syfers gemeet word of op 'n interval- of verhoudingskaal gemeet word	F	gestruktureerde waarneming
1.1.7	Produseer konsekwente resultate indien metings herhaal word	G	modus
1.1.8	Vooruitskatting in die veronderstelling dat inkomste die enigste faktor vir die aankoop van 'n bepaalde produk of diens is	H	betroubaarheid
1.1.9	Navorser spesifiseer in detail hoe die meting aangeteken moet word	I	indringend ondersoek
1.1.10	Bloudruk vir die uitvoer van die bemarkingsnavorsingsprojek	J	mediaan
		K	sensus
		L	beskrywende navorsing

(10 × 1) (10)

1.2 In baie gevalle is 'n steekproef beter as 'n sensus.

Onder die volgende opskrifte, verduidelik waarom dit dikwels beter is om steekproefneming as 'n sensus te doen:

1.2.1 Tyd

1.2.2 Begroting

1.2.3 Foute

1.2.4 Grootte

1.2.5 Geheimhouding

(5 × 2) (10)

1.3 Beskryf VYF verskillende marknavorsingsaktiwiteite wat tydens die bekendstellingsfase van die produklewensiklus plaasvind. (5 × 2) (10)

1.4 Markvooruitskatting is die metode wat deur die bestuur gebruik word om inligting in te samel om die mark se moontlike ontwikkeling te bepaal.

Noem en gee 'n kort beskrywing van VIER kwantitatiewe vooruitskattingsmetodes. (4 × 2) (8)

1.5 Noem en verduidelik DRIE navorsingsontwerpe wat in bemarkingsnavorsing voorkom. (3 × 2) (6)

1.6 Noem en verduidelik DRIE faktore wat gebruik kan word om sekondêre data te evalueer. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 2

2.1 Toetsbemarking is 'n beheerde eksperiment wat in beperkte, sorgvuldig geselekteerde markte gedoen word,

2.1.1 Wat is die belangrikste doelwit van toetsbemarking? (2)

2.1.2 Noem die AGT stappe van toetsbemarking in die korrekte volgorde. (8)

2.2 Bespreek die rol van die vertrouensinterval in die verwerking van data. (5 × 2) (10)

2.3 Die bemarkingskonsep bestaan uit vier beginsels – verbruiker, doelwit, stelsel en sosiaal.

Bespreek die rol wat bemarkingsnavorsing in die bemarkingskonsep vervul. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.4 'n Vraelys moet die inligting wat nodig is in 'n bepaalde stel spesifieke vrae omsit.

Noem VYF faktore wat ten opsigte van die uitleg en reproduksie van die vraelys belangrik is. (5 × 2) (10)

2.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.5.1 'n Marknavorsingsmaatskappy sal doelgemaakte dienste lewer waarin hulle inligting vir verskeie besighede sal insamel.

2.5.2 Beoordelingssteekproefneming is 'n vorm van gerieflikheidsteek-proefneming.

2.5.3 'n Nominale skaal is 'n rangordebepalingskaal.

2.5.4 Tabulering is die nagaan van die vraelys.

2.5.5 Verbruikerspanele is 'n gewilde manier om data by kleinhandelaars en groothandelaars in te samel.

(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

kwotasteekproefneming; mediaan; redigering; kruistabellering; kodeboek; steekproef; sensus; gemiddelde; teikenpopulasie; sistematiese steekproefneming; parameter; nie-waarskynlikheid; afhanklikheid; verhouding

3.1.1 Behels 'n volledige ontleding van die elemente van 'n populasie.

3.1.2 Hersiening en sifting van vraelyste ter wille van presisie en akkuraatheid.

3.1.3 Bevat nodige inligting oor die veranderlikes in die data asook die koderingsinstruksies.

3.1.4 Steekproef word geneem deur 'n ewekansige beginpunt te kies en dan elke element in opeenvolging uit die steekproefraam te kies.

3.1.5 Die steekproefnemingsmetode kan as 'n twee-trap beoordelingssteekproefneming beskou word.

3.1.6 Die statistiek word verkry deur al die elemente in 'n stel op te tel en deur die aantal elemente te deel.

Kopiereg voorbehou

3.1.7 Die metingskaal kan voorwerpe identifiseer en rangskik en verskille vergelyk.

3.1.8 Hierdie metode vir die keuse van die ontledingsmetode is toepaslik wanneer een of meer veranderlikes as afhanklike veranderlikes, en die oorblywende as onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer kan word.

3.1.9 Hierdie statistiese tegniek beskryf twee of meer veranderlikes gelyktydig.

3.1.10 Die versameling van elemente waarvan die inligting deur die navorser gesoek word en waaruit gevolgtrekkings gemaak sal word.

(10 × 1) (10)

3.2 Die navorser moet duidelike instruksies oor die voer van onderhoude aan die veldwerkers oordra.

Noem AGT instruksies wat as riglyne vir veldwerkers kan dien. (8)

3.3 Die navorser moet bepaal watter tipes vrae in die vraelys gebruik sal word.

Noem VIER tipes gestruktureerde vrae en gee 'n voorbeeld van elk deur die vraag asook die moontlike respons/e neer te skryf. (4 × 3) (12)

3.4 Die metodologie van die navorsingsverslag gee 'n aanduiding van die geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsbevindinge.

Noem AGT items wat in die metodologie ingesluit behoort te word. (8)

3.5 Ontleed die volgende riglyne vir die skryf van 'n verslag:

3.5.1 Bondigheid

3.5.2 Objektiwiteit

3.5.3 Lesers

3.5.4 Voorkoms

(4 × 3) (12)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Die stappe in die bemarkingsnavorsingsproses word aangewend om bemarkingsprobleme doeltreffend te identifiseer en op te los en om die bestuur met besluitneming te help.

4.1.1 Noem die AGT stappe van die bemarkingsnavorsingproses in die korrekte volgorde. (8)

4.1.2 Bespreek die definiëring van die bemarkingsnavorsingprobleem in detail. (10)

4.1.3 Verduidelik data-insameling en steekproefontwerp kortliks. (5)

4.2 Gee SES redes waarom die verslag en die aanbieding daarvan sulke belangrike aspekte van die bemarkingsnavorsingsprojek uitmaak. (6)

4.3 Verduidelik TWEE tegnieke wat tydens die gevallestudietegniek van die navorsingsproses nuttig kan wees, kortliks. (2 × 2) (4)

4.4 Onderskei tussen TWEE tipes data wat gewoonlik gekies word om die navorsingsprobleem te hanteer. (5)

4.5 Noem SES aktiwiteite wat tydens die voorbereiding en ontleding van die data in die navorsingproses plaasvind. (6)

4.6 Voltooi elkeen van die sinne in die volgende paragraaf deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Woorde mag meer as een keer gebruik word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.6.1–4.6.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

inligting; empiries; hipoteties; kenmerkend; veranderlike; probleem; stelling; simptoom; vrae

Die (4.6.1) … word dikwels beskou as 'n moontlike antwoord op die navorsingsvraag. Dit mag 'n tentatiewe (4.6.2) … wees oor verhoudings of proposisies eerder as blote (4.6.3) … waarvoor antwoorde gesoek word. Die (4.6.4) … skedule word gebruik om te bepaal watter (4.6.5) … die beste is om die probleem op te los. Inligting moet op (4.6.6) … bewyse of doelwitte gebaseer word. (6)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou